



# Die Arge Gereformeerde Kerk te Pretoria

Fratesweg 775  
0084 Rietfontein

Ons verwysing: 2024-072  
11 Junie 2024

Deputate hersiening liturgiese formuliere en gebede

Geagte deputate

## **Insake: Voorlopige verslag vir Sinode 2024 en bylaag met besware**

Ons het op 'n onlangse vergadering die verslag ("Deputies Liturgical - Report to FRC Synod 2024") sowel as die besware ("20190307 - Deputate Liturgiese formuliere en gebede kommer oor Vernuwing") bespreek en dit nodig geag om daarop te reageer. Hierdie brief handel spesifiek oor die tweede nagmaalsformulier en die besware daarteen.

### **Eerstens die verslag:**

In die verslag beveel julle aan (onder "Recommendations") "... to reprint the liturgical forms and prayers in Afrikaans (**excluding** the alternative form for celebrating the Lord's Supper ...)".

In die tweede laaste paragraaf sê julle: "*Deputies considered the comments received by previous deputies on the alternative form for celebrating the Lord's Supper. The form was included in the Afrikaans liturgical booklet published in 2020 for provisional use. Both churches of Pretoria responded that the form was not suitable. Deputies recommend that the form is excluded from use on the grounds raised by the churches of Pretoria (documents attached).*"

Ons het slegs die besware van die VGK Maranata, gedateer 2019-03-07 gesien, maar is nie daarvan bewus dat ons gemeente enige besware aangeteken het nie. Die besware is ook nie gepubliseer op die webtuiste nie. Inteendeel, ons gebruik hierdie formulier op 'n gereelde basis in ons eredienste. Ons is wel bewus van ons brief, gedateer 27 April 2019, maar daarin sê ons nie dat die formulier ongeskik vir gebruik is nie.

**Eerstens stel ons voor** om bogenoemde in die verslag reg te stel.

### **Tweedens, kommentaar op die besware en formulier:**

Ons vat eers die kerkraad van Maranata se aanbevelings saam, en vervolgens die gronde daarvoor:

**Insake aanbevelings a en b** (hierdie twee aanbevelings gaan saam): ons verstaan wat die kerkraad van Maranata probeer sê, maar dink nie hulle volg die regte weg na 'n oplossing nie – 'n mens kan nie sê: "omdat die sinode dit nie vir gebruik moes vrygestel het nie (maar eerder aan kerkrade en gemeentes moes gestuur het vir kommentaar), daarom mag ons dit nou nie meer gebruik nie." Dit is, na ons mening, nie 'n ordelike weg om 'n besluit ongedaan te maak nie. KO art. 31 is duidelik: "die uitspraak wat met meerderheid van stemme aanvaar is, sal as bindend aanvaar word, tensy daar gewys word dat dit in stryd is met die Woord van God of met die Kerkorde." Die kerkraad van Maranata toon, na ons mening, nie oortuigend aan dat hierdie besluit in stryd met die Woord van God of met die Kerkorde is nie.

- ❖ Wat 'n mens wel kan doen, is om jou te beroep op die woordjie 'provisionally' in die besluit – 'provisionally' moet op 'n stadium finaal word: óf finaal aanvaar, óf finaal afwys.
- ❖ Die kerkraad van Maranata kan dus vra dat die kerke tydens sinode 2024 'n finale besluit moet neem, met inagneming van die aanbevelings en kommentaar wat die deputate ontvang het (sien besluit 24.1 van Sinode 2021).

**Insake aanbeveling c:** hiermee behoort niemand van ons 'n probleem te hê nie. Dit is goed om die gemeentes opnuut met die rykdom van die bestaande formuliere bekend te maak.

**Insake die gronde a-f:** dit is nie vir ons duidelik by watter van die aanbevelings a-f as gronde dien nie – gesien die feit dat a-f alles met *die inhoud* van die formuliere te make het, vermoed ons dat dit as gronde by aanbeveling c gelees moet word.

- ❖ Terloops, dit beteken dat daar geen gronde vir aanbeveling a en b gebied word nie, wat hierdie aanbevelings verder verswak.
- ❖ Met gronde e en f kan ons volledig saamstem, hoewel...
  - Grond e ook gedeeltelik vir Formulier II geld.
  - Dit op sigself nie deurslaggewende gronde is om Formulier II nie te gebruik nie.
- ❖ Dit laat ons met gronde a-d, alhoewel grond a (die heerlike versoeningswerk van Christus!) eenvoudig 'n stelling is waarmee niemand 'n probleem hoef te hê nie; dus, dit laat ons met gronde b-d:
  - Al hierdie gronde wys op sake wat **nie** in Formulier II aanwesig is nie. Op sigself is dit nog nie rede om Formulier II nie te gebruik nie. Immers die klassieke lang en kort formulier het ook sekere sake wat afwesig is – juis daardie sake wat in Formulier II beklemtoon word! So, blote afwesigheid van sekere sake kan nie as grond vir diskwalifikasie dien nie.
- ❖ Wat lig die KR van Maranata dan wel uit as ontbrekend of gebreklig?
  - Grond b: die yl verwysing na ons sonde en ellende
    - Reaksie #1: die verwysing in KR Maranata se brief na Calvyn se verhandeling oor die nagmaal gaan nie op nie. 'n Mens kan nie 'n verhandeling van meer as 12000 woorde op dieselfde vlak plaas met 'n formulier van 3000 woorde (lang formulier) of 1850 woorde (kort formulier) of 1040 woorde (Formulier II) nie. Dit lyk nie vir ons na 'n eerlike vergelyking nie.
    - Reaksie #2: die ellende-kennis is baie eksplisiet aanwesig, hoewel dalk korter en op 'n heel ander manier as die klassieke formuliere:
      - "Die Here Jesus het Homself as 'n offer gegee vir ons wat sondaars is."
      - "Die groot geskenk van God se genade in Christus spoor ons aan om vanweë ons sonde 'n afkeer van onsself te hê en ons voor God te verootmoedig."
      - "Ons kom daarom ... as siekes na die Geneesheer, as sondaars na die Werker van geregtigheid, as doories na Hom wat lewend maak" – hierdie is pragtige beklemtonings wat die klassieke formuliere nie het nie.
      - Daar is ander sydelingse verwysings na ons sonde en gebrokenheid.
    - Reaksie #3: self probeer ons altyd om by die sinnetjie "spoor ons aan om vanweë ons sonde 'n afkeer van onsself te hê en ons voor God te verootmoedig" die Tien Gebooie te lees (en moontlik 'n lied van skulderkentenis te laat sing). Dit help om selfondersoek te doen, en om aan die sonde- en ellendekennis hande en voete te gee.
      - Voorstel aan die deputate: voeg 'n aanbeveling op hierdie spesifieke punt in om die Tien Gebooie te lees en 'n gepaste lied van skulderkentenis te sing.
- Grond c: die ontbreking van brood en beker wat gedeel word
  - Reaksie #1: Ons is nie heeltemal seker wat met hierdie punt bedoel word. Indien dit verwys na die gemeenskapsoefening deur die brood en die beker te deel, dan moet ons sê dat Formulier II hierin selfs ryker is as die klassieke formuliere. Formulier II lê baie klem op a) die gemeenskap met Christus, en b) die gemeenskap met mekaar deur die deel van die brood en die beker. Hierin lê, na ons mening, die groot krag van Formulier II.
- Grond d: die ontbreking van Psalm 103 as troos, asook die ontbreking van die dankgebed aan die einde

- Reaksie #1: die relevante verse uit Psalm 103 word dalk nie afgedruk in die formulier nie (soos in die klassieke formuliere), maar Formulier II noem wel eksplisiet Psalm 103 as 'n lied wat gesing kan word om die Here te prys. Ons dink dat die sing van Psalm 103 deur die gemeente selfs 'n verryking is, eerder as dat dit deur die voorganger gelees word.
- Reaksie #2: daar is inderdaad geen dankgebed aan die einde. Dit kan moontlik oorweeg word om hier 'n dankgebed toe te voeg.

In die lig van bogenoemde stel ons voor dat ons erken dat Formulier II anders is en ander beklemtonings plaas, maar daarom nog nie armer en minder Bybels is nie. Wanneer die klassieke lang en kort formuliere op 'n verantwoordelike wyse afgewissel word met Formulier II, is dit 'n verryking eerder as 'n verarming.

**Tweedens stel ons voor** dat julle as deputate aan die sinode voorstel dat die provisionele goedkeuring omgesit word in 'n permanente goedkeuring – met inagneming van die voorstelle wat hierbo gemaak word (en moontlike ander voorstelle wat ingekom het).

Ons wens u ook die Here se rykste seën toe met hier mooi taak.

Met hartlike broedergroete, namens die kerkraad.

Br. BJ Kamphuis (voorsitter)  
[kamphuis.berend@gmail.com](mailto:kamphuis.berend@gmail.com)

Br. MH Ros (skryba)  
[skribapta@vgk.org.za](mailto:skribapta@vgk.org.za)